Augustus 2020
Vol 11 Nr 8

R32,00 (BTW insl.)
Ander lande R27,83
ISSN 2218-3604

VEEPLAAS

Beeste • Skape • Bokke • Wild • Volstruise

Die tydskrif vir die veeboer

Is 'n selfonderhoudende Suid-Afrika moontlik?

Fokus op die Senepol

ISSN 2218-3604
20008
9 772218 360405

Melkbedryfvooruitsigte • Intensiewe lamstelsel • Ooivoeding • Weidingskoste
Sinkronisasie • Kalfgesondheid • Somerparasiete • Graanmarkvooruitsigte

SENEPOL: 'n Ras vir die toekoms

Deur Senepol SA

Die eerste Senepolbeeste is in 2002 uit Zimbabwe na Suid-Afrika ingevoer. Daar was aanvanklik net drie telers met 31 vroulike diere en ses bulle. Tans is daar 40 telers met amper 5 000 geregistreerde diere, wat aanhangseldiere in 'n opteel-proses insluit.

Met unieke genetika wat waarskynlik die enigste in Afrika is wat as suiwer *Bos Taurus*, Senegalese N'Dama-, Spaans-Kreoolse en Britse Rooi Poenskopgene in 'n saamgestelde ras bevat, word basterkrag tot byna elke ander bekende ras toegevoeg. Tussen 80 en 100% van alle Senepolkruiskalwers sal byvoorbeeld tipiese Senepol-eienskappe toon en poenskop wees. Internasionaal verwys baie beesboere na die Senepol as die universele kruisrasdier.

Navorsing deur die Amerikaanse Departement van Landbou het bewys dat Senepolkruise basterkragvlakke van 5,4% vir geboortegewig, 6,2% vir speengewig en 6,4% vir daaglikse gewigstoename toon. Dit is baie beter as die vlakke van 3 tot 4% wat normaalweg in *Bos Taurus/Bos Taurus*-kruise gesien word.

In Suid-Amerika is die Senepol tans een van die snelgroeiende rasse, terwyl daar in suidelike Afrika ook reeds Senepols in Namibië, Botswana, Angola en Mosambiek is, met gereelde navrae uit ander lande.

Hitteverdraagsaamheid

In die droogtes van die afgelope paar jaar is waargeneem dat Senepolbeeste deur die hitte van die dag nog gestaan en wei het,

terwyl ander kommersiële beeste lankal om die waterkrip gaan lê het. Dit maak sin as 'n mens Amerikaanse navorsing in aanmerking neem, wat toon dat 'n Senepol 'n laer liggaamstemperatuur handhaaf as die meeste ander rasse. Dit lei daartoe dat hulle gemiddeld een uur en 15 minute langer per dag wei.

Wanneer dit baie warm is, kan 'n mens 'n rosetpatroon oor die rug van die rooi beeste sien. Dit toon dat die sweetkliere goed werk om die diere af te koel.

Gladde haarkleed

Die Senepol is een van die min *Bos Taurus*-rasse wat natuurlike weerstand teen bosluise en ander insekte het. Bosluistellings het getoon dat Senepol/Limousinkruisings vyf keer minder bosluise op hulle gehad het as suiwer Limousins. Dit onderstreep die kruiswaarde van Senepols in gevaarlike bosluisgebiede.

Vroeg geslagsryp

Sommige telers laat dek hul verse al op die ouderdom van 15 maande, wat beteken dat hulle op 24 maande kalf. Boonop moet elke koei elke jaar kalf om haar plek in die kudde te behou.

Moederlynras

Die Senepol staan uit as 'n ras waarvan veral die vroulike kruisrasnageslag beter moeders is as dié waaruit hulle geteel is.

Aanpasbaarheid

Die Senepol bied aan boere 'n medium-raambees met laer voedingsbehoeftes wat uitstekende resultate in teelprogramme en kruisteling bied. Van Nguniboere in die Karoo tot melkboere in die Suidwes-Kaap, het al Senepolbulle met groot vrug gebruik om bepaalde eienskappe in hul kuddes in te teel.

Rustige temperament

Die beeste het 'n rustige temperament, wat hantering veel makliker maak. 'n Gelukkige Senepolteler sê: "Die gemak om 'n vleisbees met die temperament van 'n melkbees te hanteer, bly 'n plesier in die kraal."

Karkasgehalte

Senepolbeeste en -kruisings is gewild in voerkrale. Die vernaamste redes is die poenskop-eienskap, vleisgehalte en uitstekende voeromset. Senepolbeeste het al heelwat karkaskompetisies in Suid-Afrika gewen en die Kanadese beesvleisspesialis, Mark Schatzker, het die ras hoog by die Ultimate Beef Challenge aangeskryf.

Poena-geen

Die Senepol is 'n ras wat ideaal geskik is om die poena-geen in 'n kudde in te dra. Dit is 'n mediumraam, rooi poenskopbees met kort hare, wat ideaal is vir Afrika-omstandighede.

Toetse deur van die ras se lede met verskillende bekende poenskoprasse het gewys dat Senepolbulle op Sussex/Afrikaner-koeie 'n 100% suksessyfer gehad het met die teel van poenskoppe teenoor die ander rasse, waarvan die sukses van minder as 20% tot net meer as 50% gewissel het.

Kalwingsgemak

Kalwingsgemak is een van die sterkste eienskappe wat die ras in kruisteling indra. Suiwer kalwers het 'n gemiddelde geboortegewig van 31kg, soos gemeet in Amerika. Plaaslik het Senepol-bulkakwers 'n gemiddelde geboortegewig van 32kg en verse 30kg.

Vir meer inligting, skakel die Senepol Beestelersgenootskap by 051 410 0900 of 082 596 9333, stuur 'n epos aan info@senepolsa.co.za of besoek die webtuiste *www.senepolsa.co.za*.